Uitgawe 3 2015

Hoërskool Zastron

# Die EGGO

R10

Zassies nuus nuus nuus


## MatriekAfskeid

### Interessante feite!

- Sommige van ons Matrieks is so lief vir die plaas, hulle het selfs 'n stukkie daarvan saamgevat modeparade toe. (Willem en Pienkie met 'n laaigraaf as 'n kar.)
- Ons Matrieks het hierdie Matriekafskeid 'n unieke een gemaak, sommige van hulle het hulle metgeselle vanaf Bloemfontein, Landboudal, die Paarl en plaaslik ingevoer.
- **'Anders'** dis 'n woord wat ons matriekafskeid baie goed beskryf. Ons plattelanders doen dinge net anders. Ons dans anders, die gaste se ouers is meer betrokke en die musiek is anders.









### In hierdie uitgawe


| | |
|---|---|
| Pom-poms | 3 |
| Sport: Toere | 4 |
| Hoërskool Revue | 6 |
| Haal my hoed af | 9 |
| Shockwave | 12 |
| Wêreldnuus | 14 |
| STOOF | 18 |


'n Glansryke aand waaroor daar al **12** jaar gedroom is, het die 1ste Oktober uiteindelik waar geword. Die meisies in hulle ellegante, lang rokke en hoë hakke terwyl die seuns uitgevat was in modieuse pakke, onderbaadjies en dasse. Jy kon elkeen deur 'n ring trek! Dit was moeilik om te fokus tussen al die uitgevatte matrieks en hulle metgeselle, die stylvolle modeparade en dan natuurlik die asemrowende matriekafskeidsaal...wit, skoon en 'frozen' met gekleurde ligte wat die prentjie vervolmaak. Die aand het begin met 'n paar toesprake wat eers afgehandel moes word voor die dansbaan geopen is deur Amoré Lombard en Hendrico Bekker. Die gaste wat die glansryke aand bygewoon het, het verseker nie met hulle siele onder hul arms geloop nie (Hulle was nie verveeld nie en het geweet hoe om die tyd te verwyl). Die dansbaan het die gaste tot 2 uur die volgende oggend besig gehou, alhoewel die matrikulante en hul metgeselle graag nog bietjie sou wou dans, want te veel van 'n goeie ding is mos FANTASTIES!

Marike Bekker



## BRIEF DEUR DIE REDAKTEUR

Ek staar by my kamervenster uit en bewonder al die mooi versierings rondom my. Ek aanskou die wit en pienk blommetjies wat gesiggies begin wys, die bome wat hulle groen kleedjies nader trek, die sagte druppels wat oor die gras ploeter en die son wat sy helder en vrolike verskyning begin maak.

Die kaalvoetkind binne jou word wakker, jy wil jou tassie pak en die langpad met jou visstok aandurf, jou somersklere aantrek en besluit om 'n paar kilo's af te skud. Jy voel oral deel van die veld en met al die deure oopgeskuif, trek die vars lug in jou klere en longe in. Dis 'n regte lente gevoel.

Dit is dae soos hierdie wat selfs mense wat vêr van God is, sy vrede, liefde, genade, omgee en nabyheid beleef. Dit is dan wat jy net een voetspoor sien en besef dat Jesus elke tree by jou is.

Marike

**NOTE: THE EARTH HAS MUSIC FOR THOSE WHO LISTEN**

## Dis heerlike lente......................!

Die bome bot en die lowergroen lote kruip oral uit om die belofte van nuwe lewe en natuurlik die heerlike lente aan te kondig– voorwaar iets om te vier! En hier in Zassieland het ons dit behoorlik gevier!

Op 1 September was dit nie net lentedag nie, maar ook die jaarlikse laerskool entrepreneursdag.

Om hierdie twee geleenthede te vier, het man en muis lekker vrolike klere aangetrek en al hulle sakgeldjies gebring om die stalletjies te ondersteun.

Ons kon in 2015 spog met 'n rekord aantal stalletjies– wat ook beteken dit was 'n dag met 'n rekord hoeveelheid pret, eetgoed en interessante katoeters! (katoeters= Afrikaans vir gadgets natuurlik!)

Van hop-hop op 'n springkasteel, die verf van jou eie T-hemp of hoed tot by 'n watertand wafel, was daar beslis iets vir elke smaak en begroting.

Wat hierdie dag nog ekstra spesiaal gemaak het, is dat die oueres-van-jare-maar-jonk-van-gees uitgenooi is om ons te besoek– Zastron en Rouxville se tehuis vir bejaardes het hul inwoners gebring en al die ander oumas en oupas het kom kyk hoe die revuegroepe optree – van die grondslagfase poppies tot by die bykans professionele dansgroep van juffrou Ju-Mari.

Die beoordelaars het behoorlik ure lank kopgekrap oor die entrepreneurs en agter geslote deure gestoei om die wenners te kon aanwys.

En hulle was:

Wat 'n heerlike lentedag was dit nie!

Wiané Marais

SAND DU PLESSIS







# Ligte, kamera, aksie

Pienk, oranje en narre...lui dit dalk 'n klokkie??
Hierdie jaar het die revues hulself weer oortref. Die pienk pom-pom meisies, die laerskool narre en die hoërskool met hulle oranje polkedots het omtrent ons skool trots gemaak by dié jaar se Sand du Plessis Revue Fees. Al drie groepe het ontsettend baie werk ingesit en gaan lyf wys. Dit was weereens 'n groot sukses.
Daar kan tog mos nie net altyd gewerk word nie, dus het die groter kinders eers bietjie gaan rondloop in die mall en gaan kyk wat daar als is om te eet- hoe dan anders?
Na die etery was daar weereens geoefen en toe is dit tyd vir rustig wees en regmaak. Eers is daar gehelp om al die pom-poms reg te kry, na al die pienk glitter was dit tyd vir die narre en toe die oranje span. Al die leerders het pragtig gelyk en uitstekend gedans. Baie geluk aan al die onderwysers wat so baie werk, tyd en moeite daar ingesit het en dan natuurlik ook aan die kinders. Julle maak Hoërskool Zastron trots.

*Naomi Fourie*






# Pienk Pom-Pom Poppies

W*E* A*R*E* O*N* F*I*R*E*
Inderdaad hierdie is klein botteljies met ongelooflik baie gif! Hierdie paar dansende pienk poppies het ons almal se asems weg geslaan en ons voete onder ons uitgeslaan.



- Groot gif in klein botteltjies
- Aww hulle is 'Cute'
- Pienk! Pienk! Pienk!
- Swaai daai heupies- julle weet mos hoe.
- Toekomstige professionele dansers

- Marike Bekker

# Eisteddfod

Groter as groot is ons... en hierdie platteland se juweel is omtrent **GROOT**!! Ja, ons was weereens hierdie jaar by die jaarlikse Aliwal-Noord se kultuur week. En het ons nie met bekers weggeloop nie? Kom ek vertel jou, watter murg, of eerder talent, in van ons kinders se bene weggesteek is. Om by die begin te begin, het ons graad 1 tot 3, die grondslagfase, elk óf met 'n silwer, goud óf dubbelgoud weggeloop. Die hoër grade kon ook met 'n puik prestasie spog. Nadia Malherbe wat twee skryf stukke ingestuur het, kon met 'n goud en dubbelgoud wegloop. Die eenman drama, wel daar gelaat vir die beoordelaars. Aan die ander kand, het ons twee drama groepe, met hulle eksentrieke karakters, elk met 'n dubbelgoud weggeloop. Ons senior en junior revue groepe kon hulself op die skouer klop met 'n silwer sertifikaat. Ons sê dankie aan alle ouers, onderwysers en vriende wat soveel moeite insit sodat die platteland se diamant nog helderder kan blink.

Nadia Malherbe

KOM SAAM NA
SAAMKOM
Supermark
555 President Hoffmann St Smithfield
Tel 051 683 0430
ALLES IN EEN!
6

SPORTOERE

# 0/13-Oranje manne met blou bloed!

Nie een of twee nie.
Ook nie drie nie!
Maar SEWE van ons 0/13-manne het die voorreg gehad om gedurende die Junie-vakansie vir die Vrystaat Platteland-span uit te draf by die toernooi in Frankfort. Hulle is:
Behan Venter, Janco van Staden, L.J. Franszen, Diaan Marais, Pieter Veldsman, Marcell Moelich en Thuso Mapaha.
Die plattelandspan was ongelukkig om gedurende die toernooi 2 wedstryde te verloor en een te wen, maar dit was nogtans 'n fantasiese rugby-ondervinding, waar almal BAIE geleer het.
Behan Venter is dan ook aangewys as die beste loskop flank van die hele toernooi – baie geluk Behan– lyk my dis 'aardjie-na-sy-broertjie!'
Rugby is voorwaar in ons Zassies-bloed!

Diaan Marais




# Zassie trots strek verder as Zastron

Die vakansie was vol verskeie prettige aktiwiteite. Terwyl sommige van Hoërskool Zastron se leerders lekker lui was, het ons netbal meisies naam hoog gaan hou. Mischa van den Berg, Bohlokwa Leballo, Nam Mbele en Juf. Jomari Visser was almal by die "All Ages" toernooi in Boksburg. Naomi Fourie en Juf. Ju-Mari Hugo was by die Rhino Tournament in Vereniging. Christi Nel, Wianè Marais, Nwabi Mdladlamba en tannie Retha Marais was in Henneman by die 0/19-toernooi. Al die spanne het besonders goed gevaar. Ons sê baie geluk aan al die dogters en onderwysers. Dankie dat julle Hoërskool Zastron se naam hoog hou.

Naomi Fourie

# Hokkie wys talent

Gedurende die Julie vakansie het drie van Hoërskool Zastron se hokkiesterre: Zana Cronjé (B-span), Nilé Smith en Mischa vd Berg (A-span)- talent gaan wys in Bloemfontein! Vanaf 13 tot 16 Julie het hierdie dogters, in hulle onderskeie spanne, aan die Suid-Vrystaat toernooi gaan deelneem.
Die A-span het 5de uit 16 spanne geëindig.

Marike Bekker



## Die ongedanste dans

Daar is min dae oor om voor te berei vir die eindresultaat. Die matrieks se danspassies is groot, versigtig, tog so edel, skoon en onskuldig. Die tyd raak al hoe minder en die senuwees al hoe meer, want hoe gaan ek op die 'verhoog' my geleerdheid tog weer kan gee? Ek stel myself aan die wêreld bekend deur dit wat ek as tiener ken. Kalenders word nader getrek en strepies word aan die einde van elke dag deur nog 'n nommer getrek. Voorbereiding vir die groot vertoning en daarna uiteindelik rus. Vir 12 jaar was jy aan die afrigter getrou en het jy op jou dansmaat bly vertrou. Jy het geleer dat dit goed is om soms jou dans met die ander te deel of somtyds alleen in jou kamer weer te gaan oefen sodat niemand jou werk van jou af kan wegvat nie.

Matrieks, die tyd raak nou min, die vertoning gaan begin en jy as kind moet jou dans met die wêreld deel. Maak seker dat jy na jou afrigter se pype dans. Hou jou ore oop, jou oë op die doel waarmee jy op die ou end wil weg loop. Maak jou ongedanste dans aan die wêreld bekend en gaan uit na buite, stel jouself met 'n glimlag voor, want dit is hoe jy hierdie beoordeling met jou ongelooflike danspassies gaan betower. Onthou net om nederig te bly, want iemand moet tog ook verloor. Tyd staan immers nie stil nie.

Met 'n 40 days-ontbyt soos op 19de Augustus het almal weer krag vir die dae wat voorlê. Dankie aan die sotte en onderwysers wat die dag vir al die matrieks lekker gemaak het. Almal deel in die vreugde en hartseer van nog 'n groep wat besig is om sy plek op die verhoog te kry, want as jy daardie verhoog gaan bestyg is daar net een ding wat jy kan doen en dit is: DANS!!

Janet Malherbe



## Môre se hoofseun

Almal wil tog so graag daardie balkie dra. Maar weet jy wat dit verg om 'n WARE leier in murg en been te wees?

Is jy bereid om op te offer? Kan jy lei- veral deur voorbeeld??

Volgens professor Google het 'n ware leier veral VIER kenmerkende eienskappe.

Hierdie vier kenmerke is:




1. **'n Persoonlikheid wat respek afdwing.**

Dit beteken iemand met karakter - niemand wonder waar hulle met hom of haar staan nie, hulle WEET!

2. **Iemand wat duidelik bewus is van sy / haar roeping.**

Met ander woorde, sy of hy het 'n duidelike, positiewe mikpunt, wat hulle wil bereik en ander motiveer om met hul saam te gaan.

3. **Iemand wat in die aangesig van sy doelwit, van homself vergeet.**

Hierdie eienskap spreek van volwassenheid en 'n ontwikkelde karakter-die vermoë om homself te gee aan die doel en die saak en NIE enige eie belang ten doel te hê nie.

4. **Iemand wat takt en omsigtigheid in sy optrede openbaar.**

Terwyl 'n leier altyd redelik takties te werk gaan, mag hy NOOIT sy beginsels prysgee nie. Nooit. Nooit ooit nie.

So, wat sê jy nou - steeds gretig en gewillig om die klein balkie en groot verantwoordelikheid van leierskap te dra?? **Wiané Marais**

## Matriek

Graad 1-leerders

"Hul oefen. Hulle is slim. Dis nog ver."

"Dit lyk lekker. Hulle is slim."

"Groter kinders. Leiers. Lekker daar."

Graad 10-leerder:

"Ek wil nie matriek toe gaan nie. Ek is bang vir dit wat voorlê, want dit lyk ingewikkeld. Dit lyk na baie werk."

Graad 12 leerders

"Uitputtend!!!!!"

"Moeilik, 'n belewenis, te veel ekstra klas, lekker."

"Leer, leer, leer, ekstra klas, ekstra klas, speech, speech, wanneer kan ons speel???"

Oudleerlinge

"Dis harde werk. Dis 'n opwindende tyd, want die hele wêreld lê aan jou voete."

"Jy dink jy weet alles, maar eintlik weet jy min. Jy wens jy kan klaarmaak, maar jy gaan nog baie terug verlang. Terwyl jy wens dat jy 'n grootmens kan wees, vergeet jy om vir oulaas 'n skolier te wees."

Naomi Fourie

Kanaän

Reichenberg 34
051 6733 538


- Melk en suiwelprodukte
- "Free range" hoender
- Plaasvars groente
- Feta
- Yoghurt
- Gedroogde vrugte
- Heuning
- Croissants,bagels & pita broodjies

..en nog vele meer!
Kom loer gerus in!


MINI Kloppers expert

Kom besoek ons net hier in jou eie klein plattelandse dorpie…
ZASTRON
6 Skoolklere
6 Skool sportklere
6 Tekkies
En vele meer!


Kontak nommer:
Magda du Plessis
082 321 3236




# Meer as net dans




**R**ITME
**E**NTOESIASME
**V**REUGDE
**U**ITHOUVERMOË
**E**NERGIE





Om te dans is meer as om net 'n paar danspassies aan mekaar te sit. Dit vat harde werk, deursettings-vermoë en LIEFDE vir dans



Ons skool se hoërskool revue is aan die **brand**. Hulle het by diè jaar se Eistedfodd silwer (78%) verkry. Sommige mag dalk dink dit is nie baie goed nie, maar ek het nuus, dit is uitstekend!! Vir die eerste jaar wat diè groep aan die Eistedfodd deelneem is hul deur professionele dansers beoordeel. By al hierdie senuwees moes hulle nog boonop 'n glibberigge verhoog dans en terselfdetyd hulle 'pose' hou. Buiten die uitstekende prestasie by die Eistedfodd het hul Sand du Plessis teater se vloere stukkend gedans, die lentedag/entrepreneursdag kleur gegee en nog daarby 'n paar oumensies se dag gemaak. Baie geluk aan 'n uitstekende jaar van dans. Juf. Ju-Mari het haarself oortref en die groep het nie teruggestaan vir uitdagings nie! Spesiale dankie aan tannie Leonie vir die maak van die rompies.


Naomi Fourie



# DIE MINION-HOKKIE BOKKIES!!

Hokkie het 'n paar jaar gelede in die skool begin en ons hoërskoolspanne is alreeds aan die brand!! Hoe sal die laer-skool hokkie bokkies dan wees wanneer hulle in die hoërskool kom? Hulle oefen nou al baie hard, geniet dit verskriklik baie en hou daarvan om wedstryde teen die "groot" skole in die "groot dorpe" te speel. Hulle het baie goed gevaar in hulle wedstryde omdat hulle natuurlik goeie afrigters het. Sweet en trane is in hierdie spannetjies belê…so mense, PASOP!! Oor 'n paar jaar sal julle hulle nie meer her-ken nie!!!

Nwabi



**-HOCKEY GIRLS HAVE GOALS! -**


VANANCO WHOLESALERS CC

TEL: (051) 6731 346 FAX: (051) 6731 179
EMAIL: vanancozst@telkomsa.net

SASKO

PRODUCTS / PRODUKTE

*IMPILO MAIZE MEAL*

**Fresh fruit & Veg**

**Tuesdays and Thursday pm**

Contact / Kontak
Ronnie
Ryan
Mark

FNB ABSA

ATM available in shop
*OTM* beskikbaar in winkel

**FRESH BAKERY**
**TASTY TAKE AWAY**
**BUTCHERY**

BUSINESS HOURS / BESIGHEIDS TYE

| | |
|---|---|
| WEEKSDAYS / WEEKSDAE | 8:00 - 18:00 |
| SATURDAYS / SATERDAE | 8:00 – 14:00 |
| HOLIDAYS/ VAKANSIES | 8:00 - 12:00 |


# HOËRSKOOL HOKKIE!

**Sukses!!!!!!**

Dit is die woord wat gebruik moet word om die Hoërskool hokkie te beskryf. Die Hoërskool hokkie het gegroei, gegroei soos 'n klein mielieplantjie. Ons het begin by die klein saadjie wat deur Juf Amanda geplant moes word. Dit was 'n moeilike saadjie om te laat groei, soos ons almal weet, het mielies baie water nodig. So het hokkie ook baie oefening, tyd en aandag nodig. As jou hart nie daarin is nie, kan jy nie sukses behaal nie. So het ons gegroei met die jare…die klein mieliepit het 'n groot mielieplant geword! Ons almal ken die gesegde wat sê: dit wat jy saai sal jy ook maai! Ons het hierdie jaar ons harde werk geoes.

Die 1ste hokkiespan het 2de in die B liga geëindig. Die 2de hokkiespan het 3de in die C liga geëindig.

"Well done" meisies ons is baie trots!!

**Punte vereistes:**

Wen:
4 punte
Verloor:
0 punte
Gelykop:
2 punte
Meer as 4 doele aanteken: 1 bonuspunt

Patricia du Plessis

## Kollig op... Amoré

**SY WIL B-COM REK STUDEER**

Haar gunsteling ding om te doen is om saam met vriende te kuier

Haar gunsteling ding OOIT is "lemony creams"

**Sy hou daarvan om mense te motiveer**

Haar droom is om 'n verskil te maak

Sy maak nie lekker koffie nie







# Wilgers Kafee

Tel: 051 683 1199

**Tasty Take-Away Treats**



"HARD WORK BEATS TALENT WHEN TALENT DOESN'T WORK HARD"
-TIM NOTKE

# Hoër, Hoër, Hoër, Hoërskool Netbal!

Die hoë sport wat die hoërskool netbal doedies in 2015 bereik het, is beslis 'n nuwe rekord vir ons in Zassieland. Ons het handevol spelers in die verskeie Vrystaat- en Xhariep-spanne gehad wat die Junie -vakansie aan verskillende toernooie deelgeneem het. "As netbal maklik was, het mens dit......... iets anders genoem!" Maar die klomp Zassies netbalspelers laat dit inderdaad besonder maklik lyk!

Die 0/15- span, onder kapteinskap van Jaun-Mari Franszen- het ook UITSTEKEND gevaar die afgelope seisoen. Hulle was dan ook die enigste netbalspan in die hele skool wat gekwalifiseer het om aan die uitspeelrondtes deel te neem. Hulle was bitter ongelukkig om die liga-wenners van H/S Bloemfontein in die semi-finaal te trek. Hulle staan egter hulle vroueskoene propvol en verloor 20-19 in 'n naelbyt wedstryd. Baie geluk, ons is steeds BAIE trots op julle!

**Daai soen, daai soen,**
**daai lang soen,**
**daai lekker soen ,**
**daai NETBALSEISOEN!**

Diaan Marais

# HAAK HAAK HIZA!!

Daar was sweet en trane toe die eindfluitjie op 8 Augustus by St. Andrews se rugby veld blaas. Ja... die eerstes het verloor! 'n Tragedie...'n hartseer spul. Al die harde werk gedurende die seisoen. Die Vrydae middae oefening, die koshuis outjies wat eers Saterdae na die wedstryd kon huis toe gaan. Die meeste wedstryde het hulle met een punt gewen, of op die meeste, met 2 punte verloor. Daar was beserings ook (soos altyd).
Hierdie liga was taaier as 'n Wilson toffie! Hoekom? Die eerstes het vir die eerste keer in vier jaar die semi-finaal verloor!! Min het die matrieks geweet dat die wedstryd teen St. Andrews hulle laaste wedstryd saam gaan wees. Het hulle hul harte uitgespeel op die veld?? Soos altyd,JA! Die o/16's en die Ramme het ook goed gevaar tydens die liga, ongelukkig het hulle dit nie gemaak tot in die semi-finaal nie. Zassies bly trots op almal!
Dan is daar natuurlik die "AMAZING" afrigters. Sonder hulle sou hierdie spanne nie kon wees waar hulle nou is nie. Die tyd en energie wat in die outjies belê is, was sigbaar! Zassies bly die klein botteltjies met die meeste gif!!

NWABISA MDLADLAMBA




**COUNTRY COUSIN**

COUNTRY COUSIN IN ROUXVILLE IS GELEë OP DIE N6. ONS BIED 'N VOLLEDIGE SPYSKAART AAN EN IS BEKEND VIR ONS HEERLIKE KOS TEEN UITERS BILLIKE PRYSE. ONS PIZZAS IS 'N ABSOLUTE WENNER EN LOK ONGELOOFLIKE KOMMENTAAR UIT!
STOP BY DIE ORANJE FORDKAR EN VROLIKE WINDPOMP EN KOM BELEEF 'N HEERLIKE KOSERVARING EN NEEM SOMMER 'N GESKENKIE SAAM VIR IEMAND SPESIAAL.
SKAKEL **0846992023** OF **0829001654** VIR BESTELLING.
SKAKEL ONS BY **0846992023** OF **0829001654** VIR VOORAF BESTELLINGS.

# MamAzzzZass

## Raad

Dit is amper einde van die jaar ons is teen die tyd almal al moedeloos. Raak stil en vergeet van jou probleme. Gaan herlaai jou batterye by God. "Stop telling God how big your problem is, start telling your problem how big your God is."

## Liefde

**A real man**

Never hurts a woman. Be very careful when you make a woman cry, because God counts her tears.

**The women**

Came out of a man's rib, NOT from his feet to be walked on, and not from his head to be superior, but from his side to be equal. Under the arm to be protected, and next to his heart to be loved.

Al wat seuns rerig wil hê, is 'n meisie wat verlief is op God.

## Modes

Die lente is hier! Pastel kleure is 'n MOET. Die ligte klere is so vanpas by die lente. Blomme in die hare of op jou rok, dit maak nie saak nie, dit is altyd 'n treffer. Vir seuns is die rooi en navy met 'n chino broek vir my besonders mooi. Plakkies is ook weer hoog mode. So moenie skaam wees om dit by jou driekwart chino aan te trek nie.

## Quotes

Jy gee my suurstof soos jy my asem steel.
-Bouwer Bosch

I absolutely believe in destiny and the idea that everything happens for a reason. People come in and out of our lives for a purpose.
-Lucy Hale

Daar is net een vorm van sukses–om jou lewe te kan leef soos wat jy wil.
-Christoper Morley

## Wat beteken die woord improvisasie??

### Graad 1

Joline-'n Winkel vir skoolgoed.
Wicus- Die polisie
Madison- 'n Siekte

### Graad 2

PJ- 'n Ou wat drugs rook.
Leonard- Help mense wat seer gekry het.
Tiaan - Iets bloei uit.


### Graad 3

Jabo- 'n Leesboek se titel.
Umi- Iemand wat nie jok nie.
Cornelius- Dit is die bome wat groei.

Madri Goosen

**Ek haal my hoed af vir...**

dié wat daar is,
maar ons hulle soms miskyk.
Die wat die klaskamer 'n nuwe baadjie aantrek en
altyd hulle werk vol vreugde doen.
Dankie aan die skoonmakers.



Hoe meer jy met mense te doen het, hoe liewer raak jy vir diere.





Vegchtkopstraat 9
Zastron
Tel: 051 673 1140/
083 532 4678

MADERA
GRAPHIC DESIGNS
& SIGN WRITERS
Die vriendelike, hulpvaardige span
wat u belange op die hart dra

Wall Art
Naamborde
Magnete
Bekers
Balkies
Skouersakke
en vele meer

Geheuestokkies
8GB R70
16 GB R130
32 GB R230



Produkte
ook beskikbaar by Oog Kafee

Pen & Potloodstel



R15
'n Ideale geskenk

# Ontmoet ons juffrou-matrone Rentia

| Vrae | Antwoorde |
|---|---|
| 1. Hoe het Juffrou in Zastron beland? | 1. Ek het 'n werk gesoek,dit was 'n gebedsaak. |
| 2. Waar het Juffrou groot geword? | 2. In Bloemfontein. |
| 3. Wie is juf. Rentia nou eintlik? | 3. Ek hou daarvan om aktief te wees en om sosiaal met vriende en familie te verkeer. Ek is 'n baie georganiseerde mens. Ek hou daarvan as als reg verloop. My verhouding met die Here is baie belangrik, dit kom eerste, ek wil die vrou wees wat die Here wil hê ek moet wees. Ek wil graag my volle potensiaal bereik. |
| 4. Watter sport het Juf. gedoen? | 4. Op skool geswem vir 12 jaar (SA's en Vrystaat-klere daarin gekry), ek het baie gehou van swem. |
| 5. Beskryf Zastron in 3 woorde? | 5. Vriendelik, mooi, trots. |
| 6. Watter drome wil Juffrou nog bereik? | 6. 'n Man kry. Ek wil'n juffrou wees wat 'n verskil maak in kinders se lewens. Om 'n goeie ma te wees vir my kinders as die Here dit vir my beplan. Ek wil kan terugkyk op my lewe en uit my foute leer en sukses behaal in alles wat ek aanpak. |



**Kitsfeite.**

*Favourite kos is Pizza, pasta en sushi.*


*Linkshandig*

*Word Januarie 'n tannie van 'n baba-seuntjie*

*Het glad nie ball sense nie.*

*Sy het glad nie van kosmaak gehou toe sy as matron begin het nie, maar nou geniet sy dit baie!!*

Madri Goosen



'Ons' wat die publiek se stem verteenwoordig hoor die volgende uit die mond van koshuiskinders:


- Koshuiskos is lekker kos.
- Mmmm dis Yummies.
- Ons eie tuisgemaakte KFC.
- Poeding dag staan uit! ( Dis awesome)









**Kotteljonsie**

Mathee st. 23, Zastron, 9950


*vir al jou geskenke, plante, skryfbehoeftes en vars blomme*

**Leona Fouché**

telnr. 051 673 1369
faksnr. 051 673 1369
selnr. 082 694 9660
kotteljonsie@absamail.co.za


Ons wil die matrieks baie sterkte toewens vir die eksamen wat voorlê!


winterbal
2015
MORIE
Friends
Mr. Tall
Mrs Short
Hermien Cronjé


Modeparade
MATRIEKS
2015
Jaun-Mari Franzsen

# English poems

## MOUSE AND CAT

~~The mouse is fat~~
It wears a hat.
He climbs the walls
And go to the malls,
The naughty cat
Sits on the mat;
"Waiting for mouse
In the pretty house."
[Ziyo; 28 July 2015]
Gr. 5

## The farm.

On the farm in the East,
every year we hold a feast
The hole farm is glad
Nobody outside and sad.

All the sheep are here,
all the people near.
We have fun
and even the sun.

Where we are,
they play some guitar
We have a frown,
the sunshine goes down....

Marina
Naudé Gr6.


## The white Rhino.

The zulu's call him Ubetjane
O, what a pretty name!
But this big beast called Ubetjane
is definetly not tame.

He blows and screams
because he cannot see.
and if you hear he's coming
You'll better climb a tree!

Pieter-Schalk Gr. 5







# Space !

It's fun to go to Mars
but you can't go there with cars
I want to go, but I hope it's not
small
because I am tall




Heidi


I live in outer space,
and that is my place.
This is what we call home,
but sometimes you still feel alone.




In the hot sun,
I'm having fun
Do your pants have a pocket,
Or do you fly on a rocket?
Up in the air I go
SLOW, SLOW, SLOW.



Do you have an opetite?
or do you just fly kite?
You are such a happy bunc
What are you having for lunch



Chané
Gr. 6



## Wat het in kwartaal 2 gebeur met Mia? - Die Vreemde skool

My ma het my vertel, van my broer en pa... ja, jy onthou... buite -egtelik. Ek moet by my tannie bly en daar skool gaan, jy onthou van die nuwe meneer Steenkamp wat my in my drome jaag, nou ja, ek het lank geoefen vir ons skool se swemgala, en dis hier... gaan ek dit maak? Of moet ek my plek opgee om myself eers te vind, want die blou oë jaag my nog altyd...

*Ons sit in die Biologie klas terwyl Meneer Werner die toetse uitdeel, hy grynslag toe hy myne vir my gee. 'n A, maar daar's iets anders, "Ek's jou pa. probeer my beïndruk, probeer harder!" staan onderaan, skielik is ek in 'n gat waar vier oë, Meneer Werner en Henry s'n vir my kyk, my binneste deurboor. Hulle lyk gevaarlik. "Nee! Moenie! Help!" skree ek myself wakker.* Om seker te maak dis net 'n droom, kyk ek om my rond, waar ek my niggie doodrustig langs my sien slaap. Hoekom pla meneer Werner en Henry my so erg? Is my drome waarheid? Het Nagblom Hoër my gekies, of ek hom? Sal ek by Nagblom Hoër my lewe en doel verstaan? Hoekom is alles so vreemd? Deesdae is ek nie meer myself nie...

Vandag is ons swemgala, swem was nog altyd my beter sport. Dis of die water die probleme weg was. Ek's in groep B. Maar dring tot die uitdunrondte deur. Ek ken nie regtig die ander vier meisies teen wie ek in die laaste rontde meeding nie, maar hulle is almal 'n jaar ouer as ek. Die skoot gaan af en ek duik. Die water slaan al my kommer en vrae weg. Ek swem ver weg vir die skertsende koue blou oë, weg van verlore hoop op eendag. Honderd meter klaar, nog 'n honderd meter om te gaan. Die meisie langs my is twee meter voor, ek haal haar in. Ek swem verby verlange, verwerping. Verby die silhoeët van 'n onbekende vader figuur, tot die einde. My hand skiet uit en ek voel die kant van die swembad. Klaar.

"... en in ons tweede plek het ons vir Mia Roux." Die skoolhoof gee my 'n handdruk en ek ontvang 'n trofee. Ja probleme, met 'n trofee sal ek julle wen!

***"... Staan regop. Weier om bang, skaam en nikswerd te voel. Betoon jou liefde aan Hom en vra dat Hy jou sal toerus met wat Hy nodig ag; en Vertrou Hom daarmee. Kelk jou kroonblare wyd oop, blomvrou. En lag! Maak lig vir haar wie langs jou blom."*** Die prefekte het dit uitgedeel die eerste week wat die skool oopgemaak het. 'Ja, lag blomvrou, en begrawe die hoop en verlange!'

"Mia...?" Verskrik kyk ek op, is dit verbeelding? "Mm... ja?" My stem weergalm deur die leë skoolgebou. "Hier," hoor ek die stem en draai om, ek deins 'n oomblik terug toe ek meneer Werner voor my sien. "Mia, wat maak jy hier? Dis al half elf, kom ek vat jou huis toe."

"Me..." My woorde haak vas, hoekom is ek so op my senuwees? "Ekskuus Meneer, ek't my swemsak vergeet, toe kry ek sommer my wiskunde boeke ook. En nee dankie meneer, ek bly net hier om die hoek."

"Ek wou nog vir jou sê, jy't baie mooi geswem. Jy kon maar eerste gewees het. Baie geluk!"

"Dankie meneer, ek't nie geweet Meneer het gekyk nie." Ek wil loop, maar iets in die meneer se stem hou my terug.


"Natuurlik het ek gekyk. Kom." Hy tel my swemsak op.


"Meneer ek's reg...dankie"

# Do it yourself" idees!

Is jou kamer vervelig? Is die mure bietjie leeg? Hier is 'n lekker bekostigbare manier om dié probleem op te los!

- Kies vir jou soveel klippies uit soos wat jy nodig het. Enige grootte of vorm waarvan jy hou.
- Vat "Doublesided tape" en sny dit in groot genoeg blokkies sodat dit op 'n klippie sal pas.
- Plak dit op elke klippie.
- Gaan nou na daardie vervelige muur van jou toe, en plak dit op enige manier, hoe dit ookal vir jou mooi sal lyk.



- Nou kan jy hangertjies of armbande daarop hang...
- L.W. As jy lekker groot spoelklippe kry, kan jy jou serpe ook daarop hang!

Jy benodig die volgende:
- Spoelklippies
- "Doublesided Tape"

# Weg met al die seer



Hoe verduidelik 'n mens aan iemand anders watter seer jy binne in jou het?

Op geen ander manier as om God te betrek nie. Al hoe jy die seer kan wegkry is deur vir die Here te vra om dit weg te vat en dit dan by Hom te los. **Dit is die tipe pleister wat jy net by Shockwave kamp kan kry.** Die Shockwave kamp is die ideale tyd en plek om jouself te vind en om nader aan God te kom.

Hierdie jaar was die kamp onder leiding van Pieter du Preez van Lady Grey. Tannie Hanrie en haar span het weer vir ongelooflike lekker kos gesorg en dan was die ander kringleiers gereed met raad en bystand. Die aktiwiteite het gewissel van Bybel lees, hemde verf, "mime" en die gevreesde heliumpyp. Met al hierdie prettighede agter die rug was daar tyd vir ernstig raak. Sommige het van die seer ontslae geraak deur te praat, ander het dit net by God se voete gaan los. Na al diè trane het daar wel genesing gekom.

Vir die wat nog nie daar was nie, volgende jaar is daar weer 'n Shockwave en ons hoop om weer baie nuwe gesigte daar te sien. Dankie vir almal wat dit vir ons moontlik gemaak het. Julle is sowaar engele gestuur van bo.

NAOMI FOURIE

Plaas
In jou siel van
Skoonheid,
Verstaan,
En omgee
Wil ek
Inklim
Verdwaal,
Verdrink...

By jou
brandgeskilderde
Vensters
Uitstaar,

Verlore,
Verlate
Sit en
In jou
Vrede vind

Want...
Dis jy
Wat siel
En gees
Saambind.

# Opposites does indeed attract

'n Splinternuwe tradisie!

Maar een wat beslis van nou af op die skool se kalender moet en sal bly!

**'n Winterbal-dans met 'n tema**

Dit was sommer groot pret!


Die kreatiewe uitrustings met hierdie interessante tema, het selfs die stoutste verwagtinge oortref!


Alle moontlike teenoorgesteldes het hulle verskyning gemaak: van redelike voorspelbare wit en swart, verby die blou bul/cheetah onpaar paar tot by die Goth-girl met haar teenoorgestelde persoonlikheid!

Die aand was jolig en lig en presies wat die dokter voorgeskryf het om die halstarrige laaste stuiptrekkings van die winter te verdryf!


Daarmee dan beslis 'n veertjie in die hoed vir die graad 10-klas-ons weet dit sal van nou af 'n graad 10-tradisie word, wat ons graad 9's onderneem om voort te sit!

Wiane Marais



# Praat Praat Praat!!!!



Geleenthede soos die redenaarskompetisie is veral belangrik vir mense soos Pieter Strauss wat graag 'n dominee wil word en ook vir ons toekomstige parlementslid Bongiwe. Maak nie saak hoe voor-op-die-wa of teruggetrokke jy is en of jy beplan om rekenaarprogramme te skryf of die staatspresident te word nie, ÊRENS gaan jy voor mense jou sê moet sê.
En daar is geen beter plek om hierdie vaardigheid te oefen as by die Zassie se jaarlikse redenaarskompetisie nie!
As jy dink dit is senutergend om by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deel te neem, het jy nog nie voor 'n gehoor gestaan met toespraakkaartjies in jou hande nie!
Soos op alle vlakke van ENIGE buitemuurse aktiwiteite by Hoërskool Zastron, was die toesprake en sprekers ook van uitstaande gehalte.
Die finale uitslae was soos volg:
Wiané Marais- wenner
Nilé Smith– tweede plek
Pieter Strauss– derde plek
Ons hou die verhoog dop!

Wiané Marais


## 5 stappe tot beter punte

Omdat ons eindeksamen om die draai lê matrieks, hier is n paar riglyne:

1. Wees voorbereid, jy het jou rooster 'n paar maande tevore gekry.
2. Om te eet, gaan nie die stres verlig nie, slegs dinge soos: vis, neute en water, kan dalk.
3. Som jou werkies op!
4. Leer in 'n stil klankdigte kamer.
5. Jy sal deurkom!

Doen wat jy self kan doen en Jesus sal doen wat jy nie kan doen nie.

*Nadia Malherbe*



## *A.B.C.D wie kan al die woorde spel?*

A.B.C.D wie kan al die woorde spel?

Wie kan elke woord in haar/sy opstel reg spel?

Wie kan al die GROOT woorde gebruik wat hulle graag wil?

Hoërskool Zastron se laerskool leerders is baie naby aan dit.

Die woorde het maklik begin ,'n bietjie moeiliker geword en aan die einde sou jy sweer daardie leerders was Gr.10 leerders.

Om te sit en spel is baie anders as om te staan en spel, maar hierdie leerders laat niks hulle onder kry nie.

Baie geluk aan AJ van Tonder en Tarien Wagenaar wat 3 in hul afdelings gekom het!

Elkeen is 'n wenner, die vraag is net: Hoe graag wil jy dit hê?

Zizipho Sidzamba

## Die slimstes van die slimmes

Bring die water, bring die sand, Zastron se akademie is aan die brand!!
Gooi koue water op ons vuur van leer en jy sal 'n mond vol modder hap! Want hierdie zassies skrik nie om voor die boeke te sit nie! Glo dit of nie, ons top 5 akademiese leerlinge doen hul werk deeglik. En was dit nie vir ons wonderlike onderwysers nie, kon die uitslae nie die hoogte inskiet nie. Dankie. Julle is slim. Ons sien uit wie van julle ons volgende kwartaal gaan verras met julle produktiwiteit en deursettingsvermoë. Julle maak ons trots. Harde werk dra altyd mooi en goeie vrugte.
Hou so aan.

**Facta non verba.**


Janet Malherbe


**Model Slaghuis**

Reichenbergstraat 32
ZASTRON
051-6731188




Goeie gehalte biltong, droëwors, chilli bites en kabarnossie!!
Varkneksteaks, blindevinkies, verskeidenheid van worsies soos kaaswors en vele meer!!
Gemarineerde varkribbetjies, hoendervlerkies en nog baie meer!!
Kom Proe gerus!!




# Die HZTT van 2015

Nou waarvoor staan HZTT? Dis Hoërskool Zastron se TennisToernooi wat op Vrydag, 28 en Saterdag, 29 Augustus in Zastron plaasgevind het. Dit staan ook vir die volgende: H= helde, Z= "zero tolerance", T= taai, T= triomfeer. Ja, hulle is ons tennishelde van die hoërskool en hulle het regtig goeie tennis gespeel. Hulle het "zero tolerance" (geen genade) getoon op die baan en hulle het voluit gespeel! Hulle het die stryd aangedurf teen die volgende skole: St Andrews, Colesberg, Aliwal-Noord, McClear en St Michaels. Dit was 'n taai stryd, maar ons spanne het nie een tree terug gestaan nie. Zastron se eerste seunspan moes maar die knie buig teen Aliwal-Noord, maar die dogters het die "home ground advantage" tot hulle voordeel gebruik en getriomfeer! Ons is trots op julle. Julle het hulle "ge-ace" en hulle gewys!! Die besige tennis kwartaal is so op 'n hoogtepunt afgesluit. "Game, set and match!"

Henning Naudé








## Janco doesn't like cricket!
## Oh no..... he L O V E S it!

Behalwe dat **Janco van Staden** reeds 'n plaas-jagluiperd rugbyspeler (Vrystaat Platteland Cheetah) is, is hy nou wraggies ook 'n provinsiale 0/13-krieketspeler!

Dis nou wat mens 'n natural op die sportveld noem!

Alhoewel gemengde welslae behaal is op die krieketveld deur die loop van die seisoen, het elke liewe 0/7 krieket kannetjie tot elke 0/13-man sy ALLES gegee vir die span in blou en wit!

Die bryers soos mnre. Niel, Marnus, Gernus en oom Jimmy verdien elkeen voorwaar 'n sjokoladekolf – om met soveel geduld en toewyding met hierdie wilde krieket-entoesiaste te werk, is eintlik bomenslik!


Ons is reeds woes trots op Janco, maar gaan skyn jou Zassies-lig ou pêllie, sodat almal kan sien van watter staal die Zastron-masjiene gemaak is.

Diaan Marais

Job PRINT SHOP
ZASTRON
Drukkery / Printers
(Prop. Dermott & Sandra Cusens)
Wedding Invitations, Books, Calendars, CV's, Pamphlets, etc.
For all your printing requirements at best prices.
✉ 484
☎ /Fax. (051)-6731096
26 Majozi Street
Zastron 9950

**Tip 2 toe Beauty Salon**
Maryke Kapp
Zastron
076 6214 389
Massages / full or back & neck
Sport massage
Aroma Stone Massage
Pedicure / Parrafin
Manicure / Parrafin
Acrylic Nails
Waxing

## Hoe nou gemaak???



Vir die vierde agtereenvolgende jaar het Hoërskool Zastron die bekende Jay-aand gereël, maar dié jaar met 'n heel ander tema. Vir die eerste keer het diè aand 'n Cowboy tema om by Jay se Naweeklyfie te pas.
Baie moeite is in die aand gesit totdat dit amper alles verniet was. Na 'n perd ongelukkie het Jay seer gekry en kon hy nie meer die aand bywoon nie, want hy lê in die hospitaal. Maar niemand het ooit gesê 'n mens het 'n kunstenaar nodig om 'n regte lekker plattelandse 'party' te gooi nie.
Met die twee revue groepe en die pom-pom poppies wat opgetree het, het die aand 'n lekker atmosfeer gekry. Al die ouers het hul gate uit geniet en ek is seker hulle het heerlik geëet. Ons sê baie dankie aan almal wat die aand moontlik gemaak het. Ons sien uit om te sien watter tema volgende jaar op ons wag.

Naomi Fourie







# Laerskool revue kaperjolle

Soos verlede kwartaal belowe is, is Pieter Koen en sy skuddende biscuit onttroon!
Juffrou Karien van der Merwe en haar laerskool revue-span, verstaan hierdie werk van boude swaai goed en kan dit beslis beter as Koen en kie doen.
Hierdie groep het hard geoefen vir dié jaarlikse revuefees in die Sand du Plessis teater en het selfs die stoutste verwagtinge oortref.
Behalwe vir die lekker goeie oefening, is hierdie dansery boonop hope pret ook!
As onpartydige bewys van die kwaliteit van hierdie dansgroep, het hulle met 'n silwer medalje weggestap by die jaarlikse kunswedstryd in Aliwal-Noord, waar hulle op internasionale standaarde beoordeel is!

**Tot volgende jaar dan – skud, skud jou biscuit!**

Diaan Marais




## EGGO redaksie


**Redaktrise:** Marike Bekker

**SPORT**
**Sub-redakteur:** Nwabi Mdladlamba
**Verslaggewers:** Patricia du Plessis, Diaan Marais


**KULTUUR**
**Sub-redakteur:** Naomi Fourie
**Verslaggewers:** Wiané Marais, Henning Naudé

**AKADEMIE**
**Sub-redakteur:** Janet Malherbe
**Verslaggewers:** Zizi Sidzamba
**Vermaak:** Madri Goosen
**Inspirasie:** Nadia Malherbe
**Fotografie:** Jaun-Mari Franzsen, Berné Botha
**Admin:** Patricia du Plessis, Jaun- Mari Franzsen
**Tegniese uitleg:** Juf. Ju-Mari Hugo, Juf. Estelanie Vorster
**Taalversorging:** Juf. Anell Swart





# Nuus buite Z



Alhoewel aansienlik minder belangrik as Zassie-nuus, hier volg 'n paar brokkies interessante wêreldnuus:

Die **Protea-netbalspan** het 5de geëindig in die wêreldbeker om hul 5de plek op die wêreldranglys te verseker.

**Alexus Tsipras** het die 5de verkiesing in 6 jaar in Griekeland gewen.

**Apple** is deur 'n virus aangeval in China. Dit affekteer gebruikers van alle i-phones en i-pads in China. Gebruikers van Apple se app-store word gelei om 'n vals weergawe van die ware program te gebruik. Die program word genoem XcodeGhost. Wees bly jy en jou appeltjie bly in Zas!

**Pous Francis** ontmoet Fidel Castro (vorige Kubaanse president) in Kuba. Hierdie twee mans het wêreldsake en geloofskwessies aangespreek. Hulle het ook boeke uitgeruil.

Minstens **13 migrante** (vlugtelinge) is dood nadat hulle klein roeibootjie met 'n vragskip gebots het aan die Turkse kus. Die boot was op pad na die Griekse eiland Lesbos. Intussen kruis duisende migrante die grense van suid-Europa, veral na Oostenryk.

**Barak Obama** het gesê dat hy baie hartseer is nadat 'n senior withuis werknemer dood is in 'n welsynsmotorfietsrit. Die 34-jarige Jake Brewer is dood toe hy deur 'n voertuig getref is.


**Japan** is tans die enigste rugbyspan ter wêreld wat onoorwonne is teen die Suid-Afrikaanse Springbokspan... WANT die 2015 wêreldbeker wedstryd was die heel eerste kragmeting tussen hierdie 2 spanne!


Wiané Marais





## Dink bietjie daaroor...





## Liewe leerders op die Z-bult

**Pienk en blou pas NIE!**

Met die vorige uitgawe het ons mense in Zastron genoem wat ons als raaksien - dinge wat om ons gebeur wat die hart werklik roer. Dinge wat die Zassies-leerders doen wat van julle sterk, eerbare volwassenes gaan maak. Dinge wat GOED is vir ons oueres-van-dae om te aanskou. Dinge wat ons weer moed gee vir die nuwere geslag.

Maar wat julle blykbaar soms ver-geet, is dat elkeen van julle am-bassadeur is vir ons skool EN ons dorp. Elke individu dra by tot die beeld van Zastron – of jy nou wil of nie.

En as jy 'n pienk push-up bra (wat die kropduif-effek skep) onder jou lae V-nek skooltrui by jou skool sweetpakbroek aantrek – sonder enige vorm van 'n hemp - doen jy daardie beeld groot skade.

Ook as jy met pienk sokkies netbal-wedstryd speel, breek jy af aan die swaar geboude beeld.

As jy langs die rugbyveld staan om die eerste span aan te moedig, met jou skool sweetpakbroek netjies by jou PANTOFFELS ingesteek, van-daliseer jy eiehandig die beeld.

Net JY dink jou peperduur bloedrooi Jockey onderbroek wat veeeeer uitloer bo jou broek is cool –regtig, net jy!

Helderkleurige pette en musse en serpe het dieselfde afbrekende effek.

Ek hoor net nou die dag 'n kind sê dat dit nie saak nie, want juffrou Flos is weg! Kan dit waar wees dat die afwesigheid van een juffrou (selfs 'n legende soos Flos!) só 'n groot leemte kan skep?

Jou self-trots , jou eer en jou sin-van-behoort behoort mos genoeg rede te wees om jou skoolklere toepaslik en korrek te dra?

So, liewe Zasssie, doen jouself en jou skool en jou dorp (en vir juffrou Flos!) 'n groot guns en gaan staan elke oggend vir 'n oomblik krities voor die spieël voor jy skool toe gaan en vra jouself af:"My kleredrag – bou dit of breek dit?", want glo my, pienk en blou pas nie!

Groetnis

Uit die dorp van Z

## Uit die personeelkamer

Die nuutste gonswoord is MA-TRIEKS, maar in 'n perso-neelkamer lok dit vele reaksies uit. 98% van die tyd lei die woord tot intense maagpyn en naarheid. En glo my – dit het niks met die leerders persoonlik uit te waai nie – nee dit gaan oor die woord. Vir matriekpersoneel beteken die woord STRES. 'n Stres wat jy nie sal verstaan voordat jy self in daardie skoene staan en moet "produce" nie. MAAR vir die ander personeel maak dit naar en siek, wat dit voel asof dit die enigste woord is wat nog ooit uitgedink is! Asof dit nie alreeds erg genoeg is nie, moet alles op die skoolprogram plek maak vir ekstra klasse, mag ons niks doen wat lekker pret is nie en voel dit soms (baie soms) asof die ander grade nie werklik iets be-teken nie. Dit is natuurlik NIE SO NIE.

Dankie tog vir personeel wat kinders leer lees en skryf en allerhande vaar-dighede leer tot in matriek. Dankie ook vir juffrouens wat die minder sterk ouens langs die pad vat en help! En vir die wat strespille moet drink oor uitslae! Skoolhou is soos lego's bou. As die onderste en mid-delste steentjies nie mooi vas ingesit is nie, val die boonste torinkie lekker van sy troontjie af. Dit maak dus nie saak waar jou steentjie lê nie – sorg net dat joune goed vasgemessel is!

*"When something bad happens You have three choices. You can either let it define you, Let it destroy you or you Can let it strengthen you."*






ZASTRON
Apteek/Pharmacy
41 Reichenberg St
Zastron
051 673 1355

# Hoërskool Zastron lewer 'n SHARK op..

**Blond, blas, bruin oë, speel goed rugby, party ken hom as Stephan Nel, maar ons ken hom as STOOF.**


| | |
|---|---|
| Wat is jou hoogtepunt in jou rugby loopbaan sover? | Ek sal sê my hoogtepunt is die jaar toe ek gekies is vir die Sharks onder 19-span en 'n salaris begin kry het. Dit is baie lekker om te doen waarvoor jy lief is en nog geld daarvoor te kry ook. |
| Wat was een van die goed wat jy op Hoërskool Zastron geleer het? | Ek het op Zastron geleer dat niks verniet sal kom nie, jy kan nie wag tot iets gebeur nie jy moet gaan en iets maak gebeur. |
| Wat mis jy van die skool en wat mis jy glad nie? | Ek mis die pelle en die koshuislewe baie en ook om vir my skool rugby te speel. Ek mis glad nie die huiswerk en ekstra klasse nie! |
| Watter invloed het jou gesin op jou lewe gehad? | My gesin het 'n baie groot invloed gehad in my lewe. Hulle het my geleer dat as ek hard werk, sal ek beloon word vir dit. Hulle het my altyd aangemoedig en raad gegee wat hulle nogsteeds doen, dit help my baie. |
| Watter uitdagings is daar vir jou? | Op die stadium is my grootste uitdaging om nie 'n besering op te doen nie alhoewel ek onlangs sewe weke uit was,beserings is my grootste uitdaging. |
| Is dit vir jou 'n aanpassing om nou in die stad te bly en hoekom? | Dit is 'n groot aanpassing gewees om in die stad te kom bly. Ek is nie gewoond aan so baie mense om my nie en die verkeer is baie erg. Ek gaan soveel as moontlik plaas toe. |
| Wat hou jou positief en gemotiveerd? | Dit hou my positief as ek dink aan wat ek kan bereik in die toekoms. My ouers motiveer my ook baie. |
| Wat het jy dié jaar geleer? | Ek het die jaar by my pelle geleer surf, al is ek nog baie swak. |
| Wat doen jy in jou vryetyd? | In my vrye tyd slaap ek, of gaan af strand toe saam my pelle en soms speel ons gholf. |
| By watter juffrou of meneer het jy al die ergste raas gekry en hoekom? | Ek het die meeste raas gekry by juf. Rika in gr.9 net toe ek in die skoolgekom het. My 2de dag het ek nie my huiswerk gedoen nie toe verloor sy dit. Ek was nogal bang virhaar. |
| Sussies is soms baie irreterend, maar wat het jy al by jou sussie geleer? | Ek het by my sussie geleer dat mens die mense naby aan jou hart moet waardeer. |
| Wat was jou eerste reaksie toe jy jou eindeksamen rapport kry? | My eerste reaksie was AMEN want ek was deur en verlig dat alles verby is. |
| Beskryf jou lewe in 5 woorde? | Opwindend, hardwerkend, blydskap, geluk en avotuur. |

# 'Lets play '

**'Lets play '**is inderdaad meer as net 'n speletjie, dit het die Gr. 4-7 bewys. Daar is wel 'n prys op die spel... 'n prys van 1,2 miljoen rand. Hoërskool Zaston het die hele bal-skop episode oorwin en staan bekend as die eerste skool in die Vrystaat. Hierdie opwinding gaan wel die vierde kwartaal verder om die finale wenner te ontdek. Daar is baie meer wat skuil agter 'Lets play' as net klomp lekker opwinding. Die rede waarom Mnr. Gernus hierdie kompetisie aandurf is nie net vir die skool nie, maar vir die kinders se emosionele en morele ontwikkeling.

**Om te wen is nie alles nie, maar die wil om te wen is.**

Marike Bekker





# Alle oë op . . .













## Elke donkerwolkie het 'n silwerrandjie.

**Volgens Netwerk24 WAS 20 SEPTEMBER 2015 DIE DONKERSTE DAG IN DIE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKAANSE RUGBY SEDERT 1891.**

Ons het moed gehou, duim vasgehou en naels gekou die hele wedstryd deur, maar Japan het die wen-drie in die 84ste minuut van die wedstryd gedruk.

Om verder uit te brei oor die wedstryd sal ons in 'n absolute depressiewe bui laat verval daarom net die punte:

**Japan 34**

Drieë: Michael Leitch, Ayumu Goromaru, Karne Hesketh.

Doelskoppe: Goromaru (2).Strafdoele: Goromaru (5).

**Suid-Afrika 32**

Drieë: Francois Louw, Bismarck du Plessis, Lood de Jager, Adriaan Strauss.

Doelskoppe: Pat Lambie (2), Handré Pollard. Strafdoele: Lambie, Pollard.

JAPAN

'n Land wat 24 jaar laas sy enigste Wêreldbeker-wedstryd-teen Zimbabwe gewen het.

'n Land wat 20 jaar gelede met 17-145 teen Nieu-Seeland verloor het.

'n Land wat 13de op die wêreld ranglys is.

Eintlik 'n land wat 'n grap in wêreld rugby **was**.

'n Land wat gespot word oor sy klein spelers en een wat nie eens 'n Superrugby-span bymekaar kan skraap nie.

So kan mens aanhou oor hoekom Suid-Afrika **MOES** wen.

Die land JAPAN het gesorg dat SUID-AFRIKA se rugbyondersteuners op hul laagste in jare was.

Elke donker wolk het egter'n sliwer rand, miskien is ons so in die wolke dat ons op geen manier die rand kan raaksien nie?

Daarom moet ons 'n bietjie wegstaan van die hele prentjie en ons eie harte deursoek, 'n bril op ons eie oë sit om beter te kan sien. Minder praat en meer doen.

So gaan deursoek jou eie hart om die silwer rand raak te sien.


Dit is tog net 'n wedstryd en nie 'n oorlog wat verloor is nie! En dit was maar net die eerste wedstryd,kom aan ek is seker ons sal die silwerrandjie stadig sien deurbreek.

Patricia Du Plessis










# Hoërskool Inkleur & Teken Kompetisie



Neléne Naude



Jania van Staden



Nilé Smith



Elzaan Schlebusch



Erika van Straten



Brigitte Smit

Drukwerk: Ware Woorde